

Die kuns van wildvang vervolmaak

In die laat tagtigerjare het dr Johan Kriek bekendheid verwerf met sy pionierswerk in die invoer van skaars wildsoorte vanuit Afrika. Hy het ook, met insette van dr Fred Potgieter, die protokolle geskryf vir die teel van siektevrye buffels, wat vandag nog gebruik word.

Du Preez de Villiers het vir hom gaan kuier op sy plaas, Mattanu, buite Barkly-Wes, om uit te vind hoe sy opwindende veearts- en wildboerloopbaan tans afspeel.

“Ek het van kleins af in wild belang gestel en was die enigste persoon in ons familie wat gejag het. Elke keer as ek ’n koedoe geskiet het, het ek egter baie sleg gevoel. Ek het net eendag besef dat ek nie noodwendig wild hoef te skiet as ek met wild deurmekaar wil raak nie,” sê hy met ’n glimlag.

Waaglustige wild-invoerder

Dr Kriek het in Zimbabwe grootgeword en nadat hy sy studies in 1975 aan Onderstepoort voltooi het, was hy vir drie jaar terug Zimbabwe toe om as staatsveearts te werk. Hy het na Suid-Afrika teruggekeer met die oorname in 1980.

“In 1980 het ek een aand nuus gekyk en sien toe dat ’n swartwitpens in Suid-Afrika vir R4 000 verkoop het. Die Zimbabwiese boere het die diere vir die werkers se rantsoene geskiet of tagtig dollar stuks betaal as dit te koop was. Hier was ’n gulde geleentheid wat ek moes aangryp as ek eendag my eie wildsplas wou besit,” was sy onmiddellike gedagte.

Hy is later in die tagtigs met ’n klein begroting, ’n sak vol planne en genade van Bona Zimbabwe en Malawi om sy droom te verwesenlik. Na ’n jarelange stryd teen politieke rompslomp, twee malaria-aanvalle, kontantvloeiprobleme en ’n burgeroorlog, het hy daarin geslaag om genoeg skaars-wild met vliegtuie en vragmotors in te voer en te verkoop om Mattanu te bekom. Hy het ook genoeg wild oorgehou om sy boerdery aan die gang te kry.

Vandag het hy reeds meer as tweehon-



Die jong Andrew, seun van Piet Warren, se Piet wat ’n rekordlengte van 53,5 duim horings het, is tans die vlagskip van Mattanu. Sy horinglengte mik-mik ook na die lengte van sy pa s’n



Dr Johan Kriek in aksie waar hy buffels uit ’n helikopter pyl (Foto deur Paul Job)

derd bastergemsbokke en net soveel swartwitpense en siektevrye buffels aan wildtelers gelewer. Die meeste van die telers in Suid-Afrika se genetica stam ook uit die eerste agt en tagtig bastergemsbokke wat hy in 1986 en 1991 uit Malawi ingebring het.

Wildpyl met ’n helikopter

“Ek het in ’n stadium tydens die 1986 Malawi-besoek besef ek gaan nie tyd hê om ’n boma te bou nie en spring toe met die pylgeweer in die helikopter. Ons jaag toe die wild in die boma in en slaag toe daarin om die wild uit die helikopter raak te skiet. Ek

beseft toe dat as jy kan raakskiet, die pyl jou die waarborg bied dat die dier gevang sal word, terwyl jy nooit daardie waarborg het as jy die dier boma toe aanjaag nie,” was sy merkwaardige ontdekking.

In 1987 het hy Noord-Kaap Wildpyldienste begin. Dit was die eerste kommersiële wildpyldiens in Suid-Afrika en het groot getalle diere uit 'n helikopter gepeyl vir vangdoeleindes. Kort voor lank het hy kliënte vanaf Musina tot Wellington bedien. In daardie tyd het hy tot 280 gemsbokke 'n jaar in die Karoo gepeyl.

“Op daardie stadium was daar net drie of vier groot wildvang-operateurs in die land wat bereid was om uit te kom en 'n boma te bou as 'n boer meer as vyftig diere wou vang. Dit was dus net die twintig persent grootste wildboere wat bedien kon word. Kleiner wildboere het dus 'n probleem gehad as hulle net een of twee diere wou vang.

“Dit het die ideale geleentheid geskep om 'n kommersiële helikopter-wildpyldiens te begin. Om te peyl is 'n bietjie duurder per wildeenhede as om 'n boma te bou, maar die stres en beserings onder die diere is minder en jy kan kleiner hoeveelhede selektief vang,” verduidelik hy.

Vandag is Johann, sy seun, in beheer van Kriek Helikopters wat nog steeds wildpyldienste, wildbesigtigingstoere op Mattanu en addisionele helikopterdiens aan bied. Sy ander seun, Jacques, bestuur die ekotoerisme-afdeling van die besigheid en dr Kriek se vrou, Daleen, bestuur alles wat kos, verblyf en administrasie betref.

Semi-ekstensief is die antwoord

“Aanvanklik wou ek so ekstensief as moontlik boer met miskien 'n bietjie ekstra minerale, maar mettertyd het ek geleer dat byvoeding wonderre verrig. In die parke is 'n swartwitpens en bastergemsbok se weiveld feitlik onbeprek en hulle het toegang tot al die voedingstowwe wat hulle nodig het. In die 1 700 hektaar-kamp op my plaas is dit nie vir hulle moontlik nie, veral nie in die winter nie. My swartwitpense se aanwas was aanvanklik 66% per jaar, maar met die ekstra byvoeding het dit gestyg tot honderd persent en ek kry dit nou al vir die afgelope twintig jaar reg.”



Dr Kriek en sy vrou, Daleen, voor Mattanu se vierster-lodge

Dr Kriek sê byvoeding bestaan uit lusern en 'n halwe tot een kilogram gewone wildpille per eenheid. Dit word uitgesit na die eerste winterryd tot wanneer die groen grassies uitkom. Dis slegs sy drie skaars spesies, swartwitpens, bastergemsbok en buffels, wat met byvoeding getrakteer word. Met die ander wild word daar slegs ekstensief geboer.

Klein kampies is moeilikheid soek

“Baie wildboere begin nou intensief met wild boer en dit gaan nog baie probleme skep wanneer die diere soos worsmasjiene uitgedruk word in intensiewe omstandighede en uit ritme met die teelseisoen begin kalf. Die bokke raak totaal afhanklik van voer en ontwikkel parasietprobleme. Die aantal raak pieperig en die volgende eienaar sukkel om weer semi-intensief met die diere te boer. Diere baklei ook baie meer as gevolg van 'n spasieprobleem. Daar is heelwat onlangse gevalle waar boere baie wild verloor het in klein kampies,” waarsku hy.

“Ek het wel op een plek op my plaas vier hektaar *granny camps* waar die ou swartwitpens-, bastergemsbok- en buffelkoeie woon wat in elk geval sou vrek as hulle nie gevoer word nie.”

Die ou koeie kry regdeur die jaar lusern en wildpille sodat hulle in hulle leeftyd nog vier tot vyf kalfies kan lewer. Dus kry hy nog veertig tot vyftig persent ekstra

waarde uit die koei as sy in 'n normale leeftyd slegs tien kalfies sou lewer. Een van sy bastergemsbokke het so 'n rukkie gelede op negentienjarige leeftyd 'n kalfie gelever. Indien die koei nog kan kalf maar nie meer melk kan lewer nie, word die kalfie by 'n Jersey-koei gesit. Dit werk baie goed.”

Dr Kriek het die *granny camp*-stelsel jare gelede begin en daar is nou al heelwat boere wat dit ook implementeer.

Vergeet van natuurlike seleksie

“In die begin het ek teling op die natuurlike manier gedoen deur die sterkste bul toe te laat om die jonger bulletjies uit te jaag. Ek het egter beseft dat die twee en 'n halfjaar oue bulletjies die meer kosbare koeie se weiding opvreet voor hulle gedomineer en uitgejaag kan word. Ek wil nie elke maand vierduisend rand se voer op 'bulle' spandeer nie en het besluit om in te gryp.

“Ek het ook beseft dat die natuur die sterkste bul kies, maar nie noodwendig trofeediere teel nie. 'n Mens moet ook pasop om nie net met trofeediere te teel nie, want lang horings en 'n breë spreibetekening nie noodwendig manlike eienskappe nie. Die teelbulle moet nog goeie manlike eienskappe hê (soos 'n dik basis op die horings, 'n dik nek, groot teelballe, ensovoorts). Dit gaan oor 'n fyn balans en die fokus op die fyner kunsies van teling en *stockmanship*.” VP